# menlo-insig

Insig 8/2026– 4 Maart 2026





## Beste Menlo

Dit was 'n interessante week in die Insigkantoor. Mense het van oraloor gebel om te vra hoe die Parkies dit weereens reggekry het.

"Wat reggekry het?" vra ek.

"Om die A-bondinterhoër te wen," sê die stemme telkens aan die ander kant.

"Die geheim agter die Parkies se sukses is eenvoudig: Ons streef die hoogste na in alles wat ons aanpak. Wanneer 'n Parkie 'n doelwit in die visier het, is daar eenvoudig geen keer nie. Daar heers 'n kultuur van uitnemendheid op Menlo-bodem en boonop vind Menloparkers vreugde in samesyn. Hiervan is die Menlo-interhoërtoeskouers 'n klinkklare bewys. Nie eers 'n fel sonstraal kon een duisend sewe honderd Parkies keer om soos een man na Pilditch op te ruk nie. Die pad na interhoër was vir seker nie altyd maklik nie, maar *cometh the hour and cometh the Parkie* en met dagbreek op 27 Februarie 2026 het elke Menloparker presies geweet wat om te doen."

Die stem luister aandagtig. Na my relaas vra hulle weer: "Ja, maar wat maak Menlo anders?"

"Eenvoudig," sê ek. "Luister verder."

"Op Menlo-bodem begin afrigting met inspirasie. Ons onderwysers en afrigters is fiks genoeg om die ekstra myl te stap en hulle doen dit sonder aarseling. Daar word aangemoedig, gemeet, tydgehou en rondtes getel. Sonder moeite. Ons atlete kyk verby die harde werk wat in die seisoen plaasgevind het. In hulle geestesoog is hulle beste pogings duidelik sigbaar en in hulle harte is daar geen twyfel nie. Op die walle en die pawiljoen is dit warm, maar die Parkies smelt nie – hulle begeester!"

Skielik is dit tjoepstil. Die stem aan die ander kant is sprakeloos.

Menlo is trots.

Dankbaar.

Nederig.

Geen oorwinning is vanselfsprekend nie, maar vyf en twintig op 'n streep is werklik spesiaal.

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**PSALM 121**

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

# KOMMUNIKASIE

## Eggo-jaarblaaie te koop

Jaarblaaie is teen R150,00 by die finansiële kantoor te koop.
Verwysingsnommer by betaling: JB en leerder se naam en van.
Handig asseblief die bewys van betaling by die finansiële kantoor in om die jaarblad te ontvang.

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Ed-admin

Menlo-kode: 599 649.
Daar verskyn gereeld nuwe inligting op die toepassing.
Kyk gerus onder Documents—Parents.

Die skool se gedragskode is op Ed-admin beskikbaar.

## Kommunikasie met Menlo-personeel

Die personeel se kontakbesonderhede is op die skool se **webblad** beskikbaar.

## Menlo-ouers wat omgee

**Menlo-ma's wat bid**
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968
Volg gerus die skakel na die WhatsApp-groep.

**Menlo-pa's wat bid (Watchmen)**
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis.
Kontak: 082 457 6526

## Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Maart** | 20 jaar | 2006 | **10 April** | 60 jaar | 1966 |
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1991, 2001, 2011 & 2021 | | | | |

# KOMMUNIKASIE

## Menlo-mediasentrum

Leerders word daaraan herinner dat druk– en lamineerwerk by die mediasentrum gedoen kan word.

## Sportuitslae

Op soek na die nuutste sportuitslae? Volg gerus die skakel na die skool se eie uitslae-toep.

## Fotobestellings

Volg die **skakel** om die galery oop te maak.

Klik op u kind se klasfoto.

Voltooi u e-posadres.

Wagwoord: **Menlo2026**

Klik "Open".

**Bestellings**

Blaai deur die fotogroepe en klik op die ♥ op die foto wat u wil bestel. Foto's kan op verskillende galerye gemerk word. Alle foto's wat met 'n ♥ gemerk is, sal in u inkopiemandjie verskyn. Klik op die seskolletjie-ikoon (boaan die bladsy) om tussen galerye te blaai.

Wees gerus op die uitkyk vir gesinsfoto's en groepfoto's. Hierdie foto's is onder u kind se klas gestoor.

U kan die formaat kies waarin u die foto's wil ontvang. Die volgende opsies is beskikbaar: digitale foto's, gedrukte foto's, sleutelhouers, muismatjies en yskasmagnete.

**Betaling**

Klik op die kredietkaartsimbool (regs bo).

Verskaf u e-posadres, die kind se naam en die kredietkaartbesonderhede om die betaling af te handel.

Daar is twee betaalstelsels: Yoco en Payfast. Probeer gerus die alternatiewe stelsel indien u eerste opsie nie werk nie.

**Aflewering**

Die bestelling van digitale foto's sal in u e-posbus afgelewer word. Hou gerus u gemorsposvouer dop.

Gedrukte bestellings sal by die skool afgelewer word.

**Sluitingsdatum vir finale bestelling: 13 Maart 2026.**

Digitale foto's sal steeds na die sluitingsdatum aanlyn beskikbaar wees.

**Navrae**: Karen van Miracles Photography by karen@miraclesphoto.co.za of 082 899 0358.

# KOMMUNIKASIE


## Ondersteunersruimte vir oud-Menloparkers

Oud-Menloparkers wat die skool tydens byeenkomste ondersteun, kan voortaan langs die koffieluik by die kafeteria byeenkom. Hierdie ruimte is vir Menlobond-ondersteuners gereserveer. Die Insig sien saam met die Menlobond uit na die verbeteringe wat vir hierdie ruimte beplan word.

## Menlo-mediasentrum

### The Summer of Broken Rules

K.L. Walther





The Summer of Broken Rules is a heartfelt young adult romance set during a summer wedding on Martha's Vineyard. Meredith Fox returns to the island determined to win her family's annual game of Assassin in honour of her late sister.

But when she forms an unexpected alliance with a charming groomsman, the competition becomes far more complicated. As the week unfolds, Meredith must navigate grief, family expectations, and the possibility of new love in this tender, summery story about healing and second chances.

## Brokkies Menlo-geskiedenis

Die Hoërskool Menlopark bou vanjaar voort op 'n interhoërtradisie wat al in die sewentigerjare wortel geskiet het. Kyk net na die trofeë wat die span van 1977 ingepalm het!



## Afrikaans 101: Het jy geweet?

"Glad nie" word glad nie vas geskryf nie. "Gladnie" is 'n spelfout.

Bron: VIVA-TAALWENK

# ATLETIEK



## UITSLAG: A-BONDINTERHOËR 2026

**MENLO-REKORDS**

**O. 14**

| | |
|---|---|
| Linmari Kirkpatrick | 200 m & 300 m-hekkies |
| Lara Steyn, Linmari Kirkpatrick, Mila de Beer & Kylie Davis | 4 x 100 m-aflos |

**O. 16**

| | |
|---|---|
| Michael Shanzi | 200 m |
| Janelle Kirkpatrick | 100 m- & 400 m-hekkies |
| Jaco van Dyk | Gewigstoot |
| Janelle Kirkpatrick, Minke Kruger, Emma-Lee vd Westhuizen & Sunelle Burger | 4 x 100 m-aflos |

**O. 17**

| | |
|---|---|
| Ruvé van der Ende | 400 m |
| Llewellyn van Heerden | 400 m |
| Megan Nieman | 100 m- & 400 m-hekkies |
| Joshua Gerber | Diskus |
| Megan Nieman, Ruvé van der Ende, Simónn Hugo & Liné de Villiers | 4 x 100 m-aflos |
| Llewellyn van Heerden, Basie Kormhout, Danie Botma & Eghardt Pitzer | 4 x 100 m-aflos |

**O. 19**

| | |
|---|---|
| Leon Stoltz | 3 000 m |
| Kathleen van Rooyen, Karla Bouwer, Ané Pretorius & Lisa Pretorius | 4 x 100 m-aflos |

**Individuele prestasie:** Janelle Kirkpatrick — Senior victrix ludorum

**Spantrofeë**

| | | |
|---|---|---|
| Beste aflosse | Dogters: 1ste | Seuns: 2de |
| Beste hekkies | Dogters: 1ste | |
| Beste naellope | Dogters: 1ste | Seuns: 2de |
| Beste spronge | Dogters: 1ste | Seuns: 3de |
| Beste worpe | Dogters: 1ste | Seuns: 2de |

**Algehele uitslae**
1. Die Hoërskool Menlopark
2. Hoërskool Waterkloof
3. Curro Hazeldean
4. Hoërskool Zwartkop

**Dogters**
1. Die Hoërskool Menlopark
2. AHMP
3. Hoërskool Waterkloof

**Seuns**
1. AHS
2. Die Hoërskool Menlopark
3. Curro Hazeldean



# SWEM

## INTERHOËR 2026: B-LIGA

**Dogterskompetisie**

1. Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria (B)
2. St. Mary's DSG
3. Woodhill College
4. Die Hoërskool Menlopark (B)

**Seunskompetisie**

1. Pretoria Boys' High School (B)
2. AHS (B)
3. St Alban's College
4. Hatfield Christian School
5. Die Hoërskool Menlopark (B)

**Algeheel**

1. Hatfield Christian School
2. Die Hoërskool Menlopark (B)
3. Woodhill College

**Individuele prestasie**

Ruan Turvey O. 14
Algeheel 7de in die seunsafdeling (alle ouderdomme).

## INTERHOËR 2026: A-LIGA

**Dogterskompetisie**

1. Midstream College
2. Cornwall Hill College
3. AHMP
4. Die Hoërskool Menlopark

**Seunskompetisie**

1. Die Hoërskool Menlopark
2. Midstream College
3. PBHS
4. AHS

**Algeheel**

1. Midstream College
2. Die Hoërskool Menlopark
3. Cornwall Hill College

**Verbeterde rekords**

| | | |
|---|---|---|
| Jayden Ciampi | O. 16 | 100 m-borsslag |
| Chanel Veldsman | O. 17 | 100 m-borsslag |
| Seuns | O. 17 | 4x50 m-wisselslagaflos<br>Wian Bartleman, Joshua Muller,<br>Janco Grobbelaar & Christiaan vd Walt |
| Seuns | O. 17 | 4x50 m-vryslagaflos<br>Wian Bartleman, Christiaan Bornman,<br>Janco Grobbelaar & Christiaan vd Walt |
















# SWEM

## SSA NATIONAL OPEN WATER CHAMIONSHIPS

Baie geluk aan die swemmers wat van 6-8 Maart 2026 by Marina Martinique in Jeffreysbaai in aksie sal wees: Wian Bartleman, Noah Nice en Jaydin Bresler.

## SA SCHOOLS SWIMMING CHAMIONSHIPS

Baie geluk aan die swemmers wat van 24-27 April 2026 by die Universiteit van die Wes-Kaap in aksie sal wees: Kara de Wit en Noah Nice.



Wian



Jaydin



Noah



Kara

# PERDRY

## UITSLAG: SANESA 1

Die eerste Sanesa-skou is afgehandel en die Menlo-ruiters het uitstekend gevaar.
Volg gerus die skakel vir die volledige uitslae.












# BELANGRIKE GEBEURE

## DIÉ WINGERDGALA



*Sluit by ons aan vir 'n onvergeetlike aand van samesyn en ongeëwenaarde elegansie, terwyl uitstaande wyn en ander items van topgehalte ten bate van die skool se buitekurrikulêre program opgeveil word.*

*Gaste word met 'n duursame leergeskenk asook spys en drank uit die boonste rakke bederf.*

Waar uitnemendheid en erfenis ontmoet.

19 Maart
2026
18:00
LOFT AT NINE
Drag: Deftig

Koste: R9 600 per tafel
(agt persone per tafel)

Seremoniemeester: Arnold Geerdts
Vermaak deur Neil Somers
Afslaer: Carl Vos
Navrae: danie.erasmus@menlopark.co.za




**Registreer asseblief hier**

# BELANGRIKE GEBEURE









# PARKIE-ENTREPRENEURS

## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.


**STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA ANLIE.DICKS@MENLOPARK.CO.ZA.**

### MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!







### Libby's Cookies

063 589 5019

Flavours:
- Chocolate Chip Cookies
- White Chocolate & Toffee Cookies

*Mix & match your flavours as you like!*



Single cookie - R14
Boxes of 4 cookies - R55
Boxes of 6 cookies - R80
Boxes of 10 cookies - R120

Collection is at school
WhatsApp
063 589 5019

# MARKPLEIN

## WIL U IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig











canyoncafē
RY WÊRELDKLAS
Nou oop in Menlo Park
Ontdek die volledige Canyon-ervaring by ons winkel in Menlo Park, Pretoria. As die amptelike verspreider vir Canyon Bicycles, bied ons wêreldklas pad-, grondpad- en bergfietse, top-gehalte bykomstighede en kundige diens vir fietsryers wat net met die beste tevrede is.
Maar kwaliteit eindig nie by ons fietse nie. Ons winkel beskik oor in-huis professionele massering en chiropraktiese sorg, spesiaal gefokus op fietsryers. Of jy herstel ná 'n harde rit, beserings wil voorkom, of jou liggaam fyn wil instel vir topprestasie — alles is onder een dak beskikbaar.
Ry harder. Herstel slimmer. Ervaar wêreldklas fietse en herstel hier in Menlo Park, Pretoria.
canyoncafē
Menlo
"Kom kyk gerus, jy sal nie spyt wees nie"
Adres: Nr 30, 26ste Straat, Menlo Park, Pretoria
Kontak: 084 290 3761 or 082 898 8667
Web: www.canyoncafe.co.za




LIG-LAG-LEKKER
MARKIEDAG
#Damesoggend2026
Price
Laerskool Lynnwood
SATERDAG, 21 MAART 2026
08:30 - 13:30
(Sien verloop van oggend)
by Laerskool Lynnwood
Laerskool Lynnwood
Hoop · Glo · Dien
Hier volg alles wat jy moet weet




VIP REGISTRATION
R150
Don't miss out on
GOODIE BAG
WELCOME DRINK
PARKING TICKET
360 VIDEO
DISCOUNT VOUCHERS
PRIZE DRAWS
Follow us for more info!
Matric Expo Pretoria
https://www.facebook.com/share/18CiUEdbEC/
Register here!
R250 000'S PRIZES UP FOR GRABS!
DESIGNER DRESSES · DESIGNER SUITS · HAIR AND MAKE-UP VOUCHERS · MATRIC DANCE RIDE · CAREER & STUDY
+ YOUR NAME IN THE DRAW TO WIN
SUZUKI SWIFT GL+ MT
SUZUKI
SWIFT
CMH
Proudly sponsored by CMH Suzuki Silver Lakes
Contact us: sales@promoto7.co.za · 082 046 6912




MATRICS OF 2026!
LISTEN UP!
the grove mall
THIS IS YOUR YEAR!
THE PRESSURE IS REAL, BUT...
WE'VE GOT YOU!
WE'RE TURNING THE GROVE MALL INTO
THE ULTIMATE FUTUREZONE!
HAIR AND MAKE-UP
LATEST TRENDS
PHOTOGRAPHERS
FASHION SHOWS
DRESS AND SUIT DESIGNERS
TALKS AND TIPS
CAREER OPPORTUNITIES
STUDY INFO
And more!
Ready. Set. Succeed Expo
FREE ENTRY
Career & Study Planning | Matric Farewell Fashion
6 - 8 March 2026
Fri: 9am-7pm · Sat: 9am-6pm · Sun: 9am-4pm




EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK